
OXFORD

AFRIKAANS

EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 7

# SOWETO SE SPOOKSPEURDERS

MARIANNA BRANDT




OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# SOWETO SE SPOOKSPEURDERS


MARIANNA BRANDT

Die leermateriaal vir hierdie novelle is ontwikkel deur
Anneke Butler & Corné Erasmus

Fiksieredigering deur Kobus Geldenhuys

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

Die teorie oor letterkundige aspekte is opgesom in die afdeling **Boustene van 'n novelle** op bladsye 41–44. Jy moet hierdie teorie leer en verstaan hoe om dit op die novelle toe te pas wanneer jy begin om die verhaal te bestudeer nadat jy dit gelees het.



**Boustene van 'n novelle**

Stories word op verskillende maniere vertel. Daar is dus verskillende **genres**. Party stories is dramas en ander is verhale. Hierdie storie is 'n verhaal wat ons ook 'n **novelle** of 'n **roman** kan noem.

**Skrywer**

'n Verhaal word deur 'n **skrywer** (*author*) geskryf en wanneer ons 'n verhaal lees, betree (*enter*) ons die skrywer se verbeeldingswêreld (*imaginary world*).

**Verteller**

Dit is belangrik om te onthou dat die skrywer nie die verhaal vertel nie.

**Opsomming van die novelle**

As jy sukkel om Afrikaans te verstaan, gebruik die Engelse opsomming van die novelle hieronder om jou te help.

**Hoofstuk 1: Ouma Beauty se gastehuis** Two cousins, Cicelo and Benjamin, help Granny Beauty to paint her new guesthouse in Soweto. As a reward, they are allowed to sleep in one of the rooms. That night Cicelo is woken by something heavy at the foot of his bed – the ghost of Jabu Mabhongo, who previously lived in the house and owned a coalyard. Jabu asks Cicelo to help him to get justice done, because the man jailed for his murder, Joseph Nkomo, is not

**Formele assessering**

Gebruik die voorbeeldvrae in hierdie afdeling om voor te berei vir toetse of die eksamen.

**TOTAAL: 30 punte / TYD: 45 minute**

**INSTRUKSIES:**
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Skenk aandag aan taal- en spelfoute en antwoord in goeie Afrikaans.
- Beantwoord AL die vrae.
- Los 'n reël oop tussen elke antwoord.

1 Wie is die verteller in die verhaal? (1)

2 Lees hierdie gedeelte uit die verhaal en beantwoord dan die vrae.

"Ja, die mense kan nou maar kom," glimlag Ouma Beauty. "Julle kan vanaand hier in die blou kamer slaap. Die beddens is nuut, die beddegoed is skoon en môre gee ek vir julle 'n hotelbrekfis. Julle het my so mooi gehelp."

56

Vir Eerste Addisionele Taalleerders wat sukkel om Afrikaans te verstaan, is daar 'n **Opsomming van die novelle** in Engels op bladsye 54–56. Moenie kul nie: gebruik hierdie opsomming van die basiese gebeure in die verhaal (per hoofstuk) eers nadat jy probeer het om die hoofstuk in Afrikaans te lees.

As voorbereiding op **Formele assessering** is daar 'n voorbeeldvraestel aan die einde van die boek ingesluit. Hierdie voorbeeld toets jou kennis van die hele novelle en die letterkundige aspekte. Jy sal gereed wees vir die toets / eksamen as jy hierdie voorbeeldvraestel vir oefening doen.

Die antwoorde op alle aktiwiteite, vrae en die voorbeeldvraestel is beskikbaar vir onderwysers. Kontak gerus die uitgewer by www.oxford.co.za

# Wat sê die skrywer?



Marianna Brandt

"Wat sal jy doen as 'n spook jou 'n guns vra en jy weet jy moet hom help, anders gaan hy aanhou om jou te pla? Wat as die guns in 'n spannende avontuur verander? Dít is wat in *Soweto se spookspeurders* gebeur. Waar sal jy 'n storie laat gebeur waar daar lekker aksie vir die karakters is? Dit kan enige plek wees, maar vir my was Soweto die regte agtergrond: daar is sjebiens, spazas, steenkoolwerwe, 'n tronk en 'n begraafplaas. Ek hou van interessante mense. My hoofkarakter, Cicelo, is nie 'n bangbroek nie. Hy vat kanse, net soos jy. Hy sal enige iets doen om 'n probleem op te los. Ek het saam met Cicelo en sy neef, Benjamin, die strate van Soweto ingevaar op soek na leidrade. Nou is dit jou beurt om spookspeurder te speel!"

“Ons wil weet wie die baas van die plek is,” sê Cicelo.

Die drie seuns kyk verskrik[29] na mekaar. Dan sê die een met die tekkies: “Hy’s nie hier nie. Hy kom eers môre.”

“Wat is sy naam?” vra Benjamin.

Die seuns lyk agterdogtig[30] en dan sê die een met die trui: “Mister Dumezweni.”

“Wie is die oudste van julle?” vra Cicelo.

Die seun met die trui en die een met die tekkies kyk na die ander seun wat die hele tyd stil na die vuur staar.[31]

**Karakterisering**
Die seuns word sonder identiteit (*without identity*) beskryf – hulle het niks en is niks nie.

- Die een met die trui.
- Die een met die tekkies.
- Die oudste een (Buzwe).

**Karakter**
Mister Dumezweni is die nuwe eienaar van die steenkoolwerf.



Sonder om op te kyk, antwoord hy: “Ek, Buzwe.”

“Hoe lank is jy al hier?” vra Cicelo.

Buzwe vat aan die snymerk op sy wang en kyk dan op. “Lank.”

“En hoe lank is hierdie werf al Mister Dumezweni s’n?” vra Benjamin.

“Hoe moet ek weet?” sê Buzwe. “Hy het die plek klaar gehad toe ek hier gekom het.”

29 **verskrik:** geskok, bang (*frightened*)
30 **agterdogtig:** wanneer jy iemand nie vertrou nie (*suspicious*)
31 **staar:** lank na iets kyk (*stare*)